higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA
NKR VLAK 2

(11011062)

20 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 1 addendum.

346Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Gebruik die kaart op die ADDENDUM om die vrae te beantwoord.

1.1.1 Identifiseer die hoofstede wat A tot C gemerk is. Skryf die antwoord langs die letter (A–C) in die ANTWOORDBOEK neer. (3)

1.1.2 Identifiseer die natuurverskynsels (oseane, berge en riviere) wat D tot F gemerk is. Skryf die antwoord langs die letter (D–F) in die ANTWOORDBOEK neer. (3)

1.1.3 Identifiseer die buurlande wat G tot I gemerk is. Skryf die antwoord langs die letter (G–I) in die ANTWOORDBOEK neer. (3)

1.1.4 Noem die provinsie wat deel vorm van die Suid-Afrikaanse grens van die Kgalagadi Oorgrenspark. (1)

1.2 Gee 'n kort beskrywing van die soorte kaarte:

1.2.1 Fisiese kaart

1.2.2 Politieke kaart

1.2.3 Roetekaart

1.2.4 Topografiese kaart

(4 × 2) (8)

1.3 Gee 'n voorbeeld van 'n land wat deur land ingesluit word ('landlocked country') en verduidelik wat dit presies beteken. (1 + 1) (2)

1.4 Dui aan of die stellings WAAR of ONWAAR is deur 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.4.1 Die Orde van Mendi word vir uitnemendheid en buitengewone prestasie toegeken.

1.4.2 Kaarte is nuttige maniere om inligting op 'n duidelike en maklik leesbare manier aan te bied.

1.4.3 'n Kompas is 'n instrument wat gebruik kan word om rigting aan te toon.

1.4.4 Suid-Afrika se langste rivier is die Tugelarivier.

1.4.5 Die Addo-olifantpark is in die Limpopo-provinsie geleë.

1.4.6 *V&A Waterfront* is 'n afkorting vir Victoria & Alfred Waterfront.

1.4.7 Die Randse Paasskou vind in Gauteng plaas.

Kopiereg voorbehou

1.4.8 Een van die eienskappe van kaarte is dat hoogte bo seevlak aangetoon word.

1.4.9 'n Ontspanningstoeris is 'n persoon wat plekke van historiese belang besoek.

1.4.10 Suid-Afrika het nege amptelike tale.

(10 × 1) (10)
[30]

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die kleinste provinsie in Suid-Afrika:

A Noordwes
B Gauteng
C Mpumalanga
D Limpopo

2.1.2 Die noordelikste bergreeks in Suid-Afrika:

A Magaliesberg
B Waterberg
C Langeberg
D Soutpansberg

2.1.3 Die Augrabieswaterval is in hierdie rivier geleë.

A Limpopo
B Molopo
C Vaal
D Gariep

2.1.4 Die soort kaart toon berge, riviere en mere:

A Politieke
B Sinoptiese
C Topografiese
D Fisiese

2.1.5 'n Kort reis wat vir ontspanningsdoeleindes onderneem word, staan bekend as 'n …

A toer.
B reisplan.
C uitstappie.
D toerplan.

2.1.6 Hierdie rivier vorm ’n grens tussen Zimbabwe en Suid-Afrika:

A Gariep
B Molopo
C Limpopo
D Vaal

2.1.7 … verwys na reise om terreine of streke met unieke natuurlike of ekologiese eienskappe te sien.

A Massatoerisme
B Ekotoerisme
C Opvoedkundige toerisme
D Gesondheidstoerisme

2.1.8 Hierdie toeriste sal die Rietdansfees in KwaZulu-Natal bywoon.

A Sporttoeriste
B Ekotoeriste
C Kulturele toeriste
D Gesondheidstoeriste

2.1.9 Die internasionale lughawe in Durban is die … Lughawe.

A OR Tambo Internasionale
B Shaka Zulu Internasionale
C King Shaka Internasionale
D Mandela Internasionale

2.1.10 … beteken om die aarde se hulpbronne op so ’n manier te gebruik dat dit nie heeltemal vernietig of uitgeput word nie.

A Bewaring
B Ekotoerisme
C Verantwoordelike toerisme
D Volhoubaar

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

2.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.2.1	Die somers is warm met matige winters en dit reën die hele jaar deur, met die meeste reën in die somer.	A	Mediterreens
2.2.2	Hier is baie min reënval, alhoewel daar soms blitsstorms is.	B	subtropiese laeveld
2.2.3	Die somers is baie warm en bedompig, met dagtemperature van 40 °C.	C	woestyn
2.2.4	Die somers is baie warm en droog met reënstorms af en toe. Die meeste reën val in die winter.	D	halfwoestyn
2.2.5	Hierdie streek lê tussen die tropiese streek en die ware woestyn.	E	subtropiese ooskus

(5 × 1) (5)

2.3 Verwys na die inligting hier onder, wat 'n kort beskrywing van verskillende nasionale parke gee, en beantwoord die vrae wat daarop volg:

A Ervaar die majestueuse suidelikste punt van die Kaapse Skiereiland, besoek die natuurreservaat en sien die ryk fauna en flora.

B Hierdie park lê langs die Oranjerivier, met eenhede met piekniekterreine, braaifasiliteite en lugversorging, 'n winkel, kroeg, restaurant, kafeteria, inligtingsentrum, petrol- en dieselpompe, wassery, publieke telefone en drie swembaddens.

C Die meer as 450 olifante in die park is die hoofattraksie, maar jy sal ook buffels, swartrenosters, vlakvarke, elande, koedoes en 'n verskeidenheid boksoorte sien. Die park lê 75 km noord van Port Elizabeth en is deur die jaar oop.

D 'n Streek met verrassende skoonheid langs Suid-Afrika se suidelike kuslyn, met die nasionale park wat die asemrowende uitgestrekte gebied omsluit. Dit bied verskillende staproetes, soos Die Otter, die 200 m reksprong by die Bloukransrivierbrug en vele meer.

2.3.1 Identifiseer bostaande nasionale parke wat A tot D genommer is. (4 × 2) (8)

2.3.2 Noem die provinsie waarin die nasionale parke wat A tot D genommer is, geleë is. (4)

Kopiereg voorbehou

2.3.3 Noem DRIE maniere waarop die omgewing in nasionale parke vernietig kan word. (3)

[30]

VRAAG 3

3.1 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

> Kaapstad is vir die sewende keer as die wêreld se voorste toeristestad in die 2019 Telegraph-toekennings aangewys. Meer as 39 000 *Telegraph*-lesers het vir hul gunstelingvakansiebestemming gestem, en Kaapstad het Vancouver, wat tweede gekom het, asook Kyoto, Japan in die derde plek uitgestof.

[Bron*: www.tourismupdate.co.za*]

3.1.1 Toerisme het ’n positiewe en ’n negatiewe uitwerking op die plaaslike gemeenskap. Verwys na die artikel hier bo, en noem VYF maniere waarop toerisme die plaaslike gemeenskap negatief kan beïnvloed. (5)

3.1.2 Kultuur kan beskou word as een van die talle faktore wat mense aanspoor om te reis. Noem SES elemente wat mense na ’n kulturele attraksie lok. (6)

3.1.3 Noem DRIE maniere waarop toeriste en plaaslike inwoners water kan bespaar. (3)

3.1.4 Noem TWEE positiewe sosiokulturele gevolge van toerisme. (2)

3.1.5 Beskryf DRIE negatiewe gevolge wat toerisme vir gasgemeenskappe inhou. (3 × 2) (6)

3.2 Definieer die term *volhoubare* toerisme (‘sustainable tourism’). (3)

3.3 Noem die dorp/stad waarin die attraksies of gebeure voorkom:

3.3.1 Uniegebou

3.3.2 Two Oceans-marathon

3.3.3 uShaka Marine World

3.3.4 Walvisfees

3.3.5 Donkin-gedenkteken

(5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 4

4.1 Voltooi die sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1.1 … is Suid-Afrika se buurland wat noord van die Noord-Kaap lê.

4.1.2 Die vervoermiddel wat deur toeriste gebruik word om deur lughawens in Suid-Afrika te kom, is …

4.1.3 Die … Nasionale Park is in die Oos-Kaap geleë en is die tuiste van die Groot 7.

4.1.4 'n … is 'n soort verblyfplek waar toeriste slegs in die oggend 'n maaltyd kry.

4.1.5 Die … omgewing sluit die berge, riviere, woude, strande en natuurskoon in.

4.1.6 George is op die …-roete en het 'n groot lughawe wat as poort tot die Tuinroete dien.

4.1.7 'n … kaart toon riviere en berge.

4.1.8 … is die hoofstad van die Oos-Kaap.

4.1.9 Die … rivier vorm die grens tussen Gauteng en die Vrystaat.

4.1.10 Die …-roete loop deur Bloemfontein en Johannesburg.

(10 × 1) (10)

4.2 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

CPT CULTURE TOURS MAAK GUGA STHEBE DIE HOOGTEPUNT VAN JOU TOER!

CPT Culture Tours sluit 'n besoek aan Guga Sthebe Arts & Culture Centre in die Langa township as deel van al hul toere van Kaapstad in. Met die steun van Kaapstad Toerisme en CPT Culture Tours is Guga Sthebe verbind tot die bemagtiging van die mense van Langa en die verbetering van hul sosio-ekonomiese situasie. Saam met hierdie vennote, wat Guga Sthebe finansieel en fisies ondersteun, word mense in verskeie kunsvorme opgelei, soos metaalwerk en pottebakkery. Daar is 'n gemeenskapsteater en mense kan aan kunshandwerklesse, tradisionele danse, kooropleiding asook musiek en poësie deelneem.

Daar is uitstallingsareas en kunsateljees, 'n hulpbronsentrum, pakkamerfasiliteite, 'n winkels vir kunshandwerk, metaalwerk- en pottebakkerywerkswinkels, en vele meer.

[Aangepas van: *www.capetownmagazine.com*]

4.2.1 Definieer *verantwoordelike toerisme*. (2)

4.2.2 Identifiseer TWEE belanghebbendes wat by die Guga Sthebe Arts & Culture Centre betrokke is. (2)

4.2.3 Noem VYF voordele wat die Langa-gemeenskap kan verkry deur toeriste wat die Guga Sthebe Arts & Culture Centre besoek. (5)

4.2.4 Gee DRIE voorbeelde van werksgeleenthede wat deur die Guga Sthebe Arts & Culture Centre geskep word. (3 × 2) (6)

4.2.5 Noem TWEE negatiewe sosiokulturele gevolge wat toerisme vir die Langa-gemeenskap kan inhou. (2)

4.2.6 Noem EEN verantwoordelikheid van die belangrike rolspelers in toerisme. Skryf die antwoord langs die letter (a – c) in die ANTWOORDBOEK neer.
(a) Openbare sektor
(b) Privaat sektor
(c) Nasionale regering of provinsiale regering (3)

[30]

VRAAG 5

5.1 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Ná 20 jaar se uitgrawings is ’n dinosourusfossiel genaamd *Ngwevu intloko*, Xhosa vir ‘grys skedel’, by die Maropeng Wieg van die Mensdom gevind. Prof Clarke beskryf die vonds as “een van die merkwaardigste en mees tasbare fossielvondse in die geskiedenis van navorsing oor die mens se oorsprong”. Clarke sê elke fossiel wat ontdek word, is belangrik. Die Wieg van die Mensdom het skakels met ander Wêrelderfenisgebiede wat ook belangrike fossieloorblyfsels het wat met hominied-evolusie verband hou.

[Aangepas van: *www.maropeng.co.za*]

5.1.1 Gee ’n kort vergelyking van *tasbare* en *nietasbare erfenis*. (2 × 2) (4)

5.1.2 Verwys bostaande gevallestudie na ’n tasbare of ’n ontasbare erfenis? (2)

5.1.3 Identifiseer die ‘Grys Skedel’-fossiel as ’n kulturele of ’n natuurlike erfenis en gee ’n rede vir jou antwoord. (1 + 1) (2)

5.1.4 Noem die provinsie waarin hierdie Wêrelderfenisgebied geleë is. (2)

5.1.5 Noem en beskryf DRIE soorte erfenisgebiede. (3 × 2) (6)

5.1.6 Watter organisasie verklaar gebiede as Wêrelderfenisgebiede? (1)

Kopiereg voorbehou

5.2 Identifiseer die Suid-Afrikaanse nasionale simbole. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.2.1 Nasionale dier

5.2.2 Nasionale voël

5.2.3 Nasionale blom

5.2.4 Nasionale vis

5.2.5 Nasionale boom

(5 × 1) (5)

5.3 Noem TWEE voordele wat 'n gemeenskap wat in 'n omgewing met 'n Wêrelderfenisgebied woon, sal ervaar. (2)

5.4 Kies die soort toeris uit KOLOM B om by 'n attraksie in KOLOM A te pas. Skryf die letter (A–F) langs die vraagnommer (5.4.1–5.4.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.4.1	Haaihok-duik aan die Weskus	A	natuurliefhebber
5.4.2	Otterroete	B	gholfspeler
5.4.3	Sun City	C	sporttoeris
5.4.4	Kirstenbosch Tuine	D	avonturier
5.4.5	Kapama Privaat Wildreservaat	E	Groot 5-entoesias
5.4.6	Wêreldbeker-eindstryd	F	stapper

(6 × 1) (6)


[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

(11011062)

ADDENDUM



Kopiereg voorbehou